Life Group
HEALTH CARE

GEOUDITEERDE* GROEPRESULTATE

EN VERKLARING VAN SKRIPUITKERING EN KONTANTDIVIDEND ALTERNATIEF

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER **2016**

+12.0%
Groepomset styg tot:
R16 404 miljoen

+4.0%
Betaalde hospitaalpasiëntdae (BPDe)

+7.0%
Wesensverdienste per aandeel styg tot:
192.5 sent

+6.6%
Genormaliseerde VVRBWA styg tot:
R4 314 miljoen

+7.1%
Finale dividend van 92 sent per aandeel. Totale dividend van 165 sent per aandeel

	2016	% Verandering	2015
Omset (Rm)	**16 404**	12.0	14 647
Genormaliseerde VVRBWA	**4 314**	6.6	4 048
WVPA (sent)	**192.5**	7.0	179.9
VPA (sent)	**154.9**	(13.9)	179.9
DPA (sent)	**165**	7.1	154

KOMMENTAAR

Oorsig

Die Suider-Afrikaanse besigheid het bevredigend presteer, hoofsaaklik gedryf deur aktiwiteitsgroei. Die verandering in die samestelling van gevalle, vanaf chirurgiese na akute mediese gevalle, het tot laer omsetgroei in betaalde hospitaalpasiëntdae (BPDe) gelei.

Die verswakking van die wisselkoers in die eerste helfte van die jaar het groter druk op koste van verkope en inligtingstelsel-lisensiefooie op jaareinde geplaas. Kostes is verder geraak deur afdankingsonkostes as gevolg van die Life Esidimeni Gauteng geestesgesondheidskontrakte wat nie hernu is nie, professionele fooie wat aangegaan is ten opsigte van die Markondersoek in die gesondheidsektor en stygende kostes vir wanpraktykversekering.

Die Poolse besighede het goed presteer ondanks die negatiewe uitwerking van reguleringsveranderings in tariewe wat op 1 Julie 2016 in werking getree het.

In Indië het VVRBWA met 29.3% gegroei, maar dit is egter verwater deur die addisionele rentekostes op befondsing van beleggings.

Die Groep het R763 miljoen (insluitende 'n voorwaardelike aanspreeklikheid van R15 miljoen) in Pole en R320 miljoen in Indië belê.

Die Groep se winsgewendheid is beinvloed deur die waardedaling van R370 miljoen op die Poolse belegging as gevolg van reguleringsveranderings. Verdienste word steeds geraak deur die verwaterde effek van die rentekostes om die internasionale beleggings te befonds.

Suider-Afrika

176 addisionele beddens (2015: 253), 36 nierdialisemasjiene en een onkologie-eenheid is tot die Suider-Afrikaanse besigheid toegevoeg. Die Groep is gefokus om die reeks dienste wat gelewer word uit te brei, en is steeds in 'n gunstige posisie om die mark te bedien. Aktiwiteite, soos gemeet teen BPDe, het met 4.0% gegroei as gevolg van die toevoeging van die addisionele beddens sowel as 'n toename in die duur van hospitaalverblyf. Die onderliggende siektelas en veroudering van lede in mediese skemas verhoog hospitaalbesoeke sowel as die tipe gevalle.

Die marges vir die jaar het verlaag na 27.5% (2015: 28.3%), maar kern prestasie-aanwysers bly goed, met geweegde gemiddeldebed-okkupasie wat toegeneem het tot 72.5% (2015: 71.9%).

Die Groep het voortgegaan om hoë gehalte kliniese sorg te verskaf soos bevestig deur die positiewe kliniese uitkomste, hospitaalverwante infeksiekoerse en pasiënt-insidentekoers in ons fasiliteite.

Pole

Ooreenkomstig die strategie om 'n omvattende landswye netwerk van fasiliteite te vestig het die Scanmed Groep verskeie beleggings gedurende die jaar gemaak, en voortgegaan om in lantermyn groeigeleenthede te belê. Die Groep het PGM vir R629 miljoen en Carint vir R103 miljoen aangekoop, en is in Pole befonds.

Die Groep bestaan tans uit 624 beddens, 12 kardiologie pasiënte sentrums en 40 mediese sentrums.

Die totale belegging in Pole bedra nou R2.2 miljard (30 September 2015: R1.4 miljard).

Die VVRBWA marge het tot 10.2% (2015: 14.0%) gedaal as gevolg van die negatiewe impak van laer reguleringstariewe vir kardiologie-prosedures. Kardiologie beloop sowat 45% van die Scanmed Groep se besigheid. Die regering het verdere tariefverlagings vir ortopediese en neurologiese prosedures aangekondig. Dit het die Groep gedwing om sy strategie om verdere beleggings te maak, uit te stel totdat die regering meer sekerheid verskaf in terme van sy regulerings en die toedien van kontrakte. Die Groep het ook die senior bestuurspan hersaamgestel om groter klem te plaas op kostebestuur en die dryf van doeltreffendheidsmaatreëls asook om senior bestuur van Life Healthcare tydelik in Pole te vestig.

Indië

Suid-Afrika se totale belegging in Max bedra R2.5 miljard (30 September 2015: R2.2 miljard), wat die addisionele R320 miljoen bestee in die huidige jaar om Max Smart in Indië, te verkry, insluit. Max het 331 operasionele beddens gedurende die tydperk toegevoeg, hoofsaaklik deur die aankoop van Max Smart. Die totale aantal operasionele beddens is tans 2 384. Die Indiese besigheid het sterk groei getoon. Netto omset het met 16.7% gestyg en VVRBWA met 29.3%.

Die groei in omset is gedryf deur die toevoeging van 331 beddens asook 'n toename in bed-okkupasie tot 75% (2015: 73%). Die VVRBWA marge het tot 10.9% (2015: 9.9%) gestyg as gevolg van hoër bed-okkupasie, verwysing van spesialiste en beter kostebeheer.

Die houermaatskappy van Max, Max India Limited, is in Julie 2016 genoteer. Die aandeelprys op 30 September 2016 bied 'n waarde van ongeveer R5.3 miljard vir die Groep se belang in Max.

Finansiële prestasie

Groepomset het met 12.0% tot R16 404 miljoen (2015: R14 647 miljoen) gestyg. Dit bestaan uit 'n toename van 8.8% in Suider-Afrikaanse omset tot R15 230 miljoen (2015: R13 999 miljoen) en die groei in omset in Pole van 81.2% tot R1 174 miljoen (2015: R648 miljoen). Die Suider-Afrikaanse Hospitaalafdeling se omset het verhoog met 9.5% tot R14 381 miljoen (2015: R13 133 miljoen), gedryf deur 'n 4.0% verhoging in BPDe en 'n hoër omset per BPD van 5.2%. Die BDP van 5.2% bestaan uit 'n gemiddelde prysverhoging van 5.9% en 'n negatiewe impak van 0.7% in die samestelling van gevalle. Gesondheidsorgdienste se omset het met 2.0% gedaal tot R849 miljoen (2015: R866 miljoen), as gevolg van die verlies van sekere staatskontrakte in die Life Esidimeni besigheid.

Genormaliseerde VVRBWA[1] het met 6.6% tot R4 314 miljoen (2015: R4 048 miljoen) gestyg. Die bydrae van Pole tot VVRBWA was R120 miljoen (2015: R91 miljoen).

[1] *Life Healthcare omskryf genormaliseerde VVRBWA as bedryfswins plus waardevermindering, amortisasie van ontasbare bates, waardedalings asook die uitsluiting van wins/verlies en billikewaarde-aanpassings met die verkoop van besighede, billikewaarde-aanpassings, transaksiekoste en surplusse/tekorte op aftreevoordele.*

Kontantvloei

Ná die R981 miljoen (2015: R903 miljoen) belasting betaling het die Groep kontantvloei uit bedrywighede van R3 055 miljoen (2015: R2 951 miljoen) gegenereer. Die Groep lewer sterk kontantvloei uit bedrywighede, en verwag steeds positiewe vrye kontantvloei. Die algehele netto kontantuitvloei van die Groep is negatief as gevolg van voortgesette internasionale beleggingsgeleenhede deur die Groep benut. Die netto kontantuitvloei was befonds deur skuld aangegaan in Suid-Afrika en Pole.

Finansiële posisie

Die Groep is steeds in 'n sterk finansiële posisie ongeag die impak van 'n swak makro-ekonomiese omgewing. Netto skuld tot genormaliseerde VVRBWA op 30 September 2016 was 1.67 keer (2015: 1.49 keer). Die toename in skuld kan toegeskryf word aan die beleggings van R763 miljoen in Pole en befondsing vir die Groep se 2016 kapitaaluitgawe program. Die banklimiet vir netto skuld tot VVRBWA is 2.75 keer.

Die Max belegging van R320 miljoen was befonds deur beskikbare kontantbronne. Pole se beleggings is befonds deur skuld aangegaan in Pole.

Die waardedalingsverlies van R370 miljoen in die huidige jaar hou verband met die Groep se belegging in Pole. 'n Voorwaardelike aanspreeklik van R109 miljoen (2015: R21 miljoen) is teruggeskryf ten opsigte van vorige beleggings in Pole.

Kapitaalbesteding en beleggings

Life Healthcare het gedurende die huidige finansiële jaar R2 081 miljoen (2015: R3 218 miljoen) belê, wat hoofsaaklik bestaan uit kapitaal-projekte van R1 013 miljoen (2015: R1 181 miljoen), R320 miljoen ekwiteit belegging vir die befondsing van die verkryging van Max Smart deur Max, en R748 miljoen in nuwe verkrygings deur Pole. Hierdie belegging in die Groep se fasiliteite verstewig die dienste wat ons aanbied, en die nuwe beleggings is in lyn met die Groep se fokus op uitbreiding van ons internasionale teenwoordigheid.

Wesensverdienste per aandeel (WVPA) en genormaliseerde verdienste per aandeel

WVPA het met 7.0% tot 192.5 sent per aandeel (2015: 179.9 sent per aandeel) toegeneem. Verdienste per aandeel op 'n genormaliseerde grondslag, wat die nie-handelsverwante items uitsluit, het met 2.6% tot 182.1 sent per aandeel (2015: 177.4 sent per aandeel) gestyg. Die verskil in groei tussen WVPA en genormaliseerde verdienste per aandeel is as gevolg van die terugskrywing van die voorwaardelike aanspreeklikheid ten opsigte van die beleggings in Pole wat nie meer betaalbaar sal wees nie.

Veranderings aan die direksie

Daar was geen verandering in die raad van direkteure vir die jaar geëindig 30 September 2016 nie.

Skripuitkering en kontantdividend alternatief

Die direksie het 'n finale uitkering vir die jaar geëindig 30 September 2016 verklaar, by wyse van die uitgifte van volopbetaalde Life Healthcare Group Holdings Beperk gewone aandele van 0.0001 sent elk (die Skripuitkering) wat betaalbaar is aan aandeelhouers (Aandeelhouers) wat teen besigheidsluitingstyd op die Rekorddatum, te wete Donderdag, 15 Desember 2016, in die Maatskappy se aandeleregister aangeteken is.

Aandeelhouers is geregtig om ten opsigte van hulle totale of 'n gedeelte van hul aandeelhouding, die keuse uit te oefen om 'n bruto kontantdividend van 92 sent per gewone aandeel in plaas van die Skripuitkering te ontvang. Die kontantdividend is slegs betaalbaar aan sodanige Aandeelhouers wat op of voor 12:00 op Donderdag, 15 Desember 2016 die keuse uitoefen om die kontantdividend ten opsigte van hulle totale of 'n gedeelte van hul aandeelhouding te ontvang (die Kontantdividend). Die Kontantdividend is uit inkomstereserwes verklaar. Dividendterughoubelasting teen 'n koers van 15% is van toepassing op alle aandeelhouers wat nie vrygestel is nie. Na aftrekking van die dividendterughoubelasting sal die netto Kontantdividend 78.2 sent per aandeel bedra.

Die nuwe gewone aandele sal, ooreenkomstig die Skripuitkering, by wyse van kapitalisasie van die Maatskappy se verdeelbare behoue winste vereffen word.

Die Maatskappy se totale aantal gewone uitgereikte aandele op 10 November 2016 is 1 057 800 021. Die Maatskappy se belastingverwysingsnommer is 9387/307/15/1.

Die Skripuitkering sal uitgeoefen word teen 'n 2.5% diskonto op die 15-dag volume geweegde gemiddelde prys (VGGP). Die aantal Skripuitkeringsaandele waarop elke Aandeelhouer geregtig sal wees ooreenkomstig die Skripuitkering (ten opsigte waarvan sodanige Aandeelhouers die keuse uitgeoefen het om nie die Kontantdividend te ontvang nie) sal bepaal word met verwysing na sodanige Aandeelhouer se gewone aandeelhouding in Life Healthcare Group Holdings Beperk (teen kantoorsluiting op die Rekorddatum, te wete Donderdag, 15 Desember 2016) ooreenkomstig die verhouding van 92 sent vermenigvuldig met 1.025 op die VGGP waarteen 'n gewone Life Healthcare Group Holdings Beperk aandeel op die JSE verhandel gedurende die 15-dag verhandelingstydperk wat op Vrydag, 2 Desember 2016 eindig. Waar die toepassing van hierdie verhouding tot 'n breukdeel van 'n gewone aandeel lei, sal die aantal aandele opwaarts afgerond word tot die naaste heelgetal indien die breukdeel 0.5 of meer is, en afwaarts afgerond word tot die naaste heelgetal indien die breukdeel minder as 0.5 is.

Ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk, is die volgende datum van toepassing:

Laaste dag van verhandeling om geregtig te wees op die Skripuitkering en die Kontantdividend-alternatief	Maandag, 12 Desember 2016
Verhandeling sonder die Skripuitkering en die Kontantdividend-alternatief	Dinsdag, 13 Desember 2016
Rekorddatum	Donderdag, 15 Desember 2016
Uitreiking van Skripuitkeringaandele aan Aandeelhouers en betaaldatum van Kontantdividend	Maandag, 19 Desember 2016

Geen aandelesertifikate mag tussen Dinsdag, 13 Desember 2016 en Donderdag, 15 Desember 2016 (albei dae ingesluit) gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Vooruitsig

Alhoewel algemene marktoestande na verwagting nie in die afsienbare toekoms beduidend gaan verbeter nie, is die Groep nie net strategies in 'n goeie posisie nie, maar beskik ook oor kostemededingende en bedryfsdoeltreffende strukture, sowel as toegang tot die vereiste befondsing vir sy internasionale uitbreidingsdoelwitte.

Suider-Afrika sal groeigeleenthede in 2017 benut deur die toevoeging van 115 akute gesondheidsorgbeddens, 81 geestesgesondheids-beddens, asook die voortgesette groei in nierdialise en onkologie.

Die Groep sal die ontwikkeling van nuwe fasiliteite en/of beleggings ondersoek indien hulle aan ons streng sukseskriteria voldoen, en sal voortgaan om in fasiliteite te belê deur opgraderings en die aankoop van toerusting.

Ons sal voortgaan om koste-effektiewe gesondheidsorg te bied deur doeltreffende besigheidsprosesse, optimale hulpbronbenutting en optimalisasie van fasiliteite en dokters. 'n Veranderende eksterne omgewing beklemtoon die behoefte om onsself te onderskei, deur 'n pasiënt-gerigte strategie en te fokus op kliniese uitkomste.

Vooruitsigte vir Pole bly onseker as gevolg van die gebrek aan duidelikheid rondom pryse soos vasgestel deur staatsregulerings. Die Groep sal op die verbetering van sy hoë kliniese standaarde fokus. In die lig van sektorale reguleringsveranderings in Pole, sal die Groep steeds fokus op verbetering van verdere doeltreffendhede, integrasie van nuwe beleggings en aansporing tot die Groep se beste bedryfspraktyke. Die gevolge van hierdie planne, wat geïmplementeer is om groei te handhaaf en koste te bestuur, sal eers in die toekoms sigbaar wees.

Die Max besigheid is afhanklik van die voortgesette sukses van sy bestaande besighede, asook die integrasie van nuwe beleggings. Spesifieke groeimaatstawwe vir die toekomstige posisie van Max sluit 'n teenwoordigheid in noordelike Indië in, sowel as hoër winsgewendheid van gevestigde hospitale deur verbeterings in spesialiteitstipes/gevalle en kostestrukture. Max sal voortgaan om omset te verhoog deur die toename van die aantal operasionele beddens, integrasie van die Vaishali en Max Smart verkrygings, asook om operasionele effektiwiteit te verbeter.

Dank

Die bydrae deur die dokters, verpleegpersoneel en ander werknemers van Life Healthcare het die gehalte van ons prestasie beduidend verhoog. Ons bedank hulle vir hul bydraes.

Goedgekeur deur die direksie op 10 November 2016 en namens hulle onderteken:

Mustaq Brey
Voorsitter

André Meyer
Groep Hoof Uitvoerende Beampte

ADMINISTRASIE

Uitvoerende direkteure: A Meyer (Groep Hoof Uitvoerende Beampte), PP van der Westhuizen (Groep Hoof Finansiële Beampte)
Nie-uitvoerende direkteure: MA Brey (Voorsitter), PJ Golesworthy, ME Jacobs, LM Mojela, JK Netshitenzhe, MEK Nkeli, MP Ngatane, GC Solomon, RT Vice
Maatskappysekretaris: F Patel
Geregistreerde kantoor: Oxford Manor, Chaplinweg 21, Illovo Privaatsak X13, Northlands 2116
Borg: Rand Merchant Bank, 'n afdeling van FirstRand Bank Beperk.

Aantekening met betrekking tot vooruitverklarings: Die Maatskappy stel beleggers in kennis dat enige vooruitverklarings of vooruitskattings gemaak deur die Maatskappy, insluitende dié wat in hierdie verklaring vervat is, onderhewig is aan risiko's en onsekerhede wat kan veroorsaak dat werklike resultate wesenlik kan verskil van wat vooruitgeskat is. Die ouditeursverslag rapporteer nie noodwendig op al die inligting in die persverklaring nie. Aandeelhouers word daarom aanbeveel, om sodoende 'n volledige begrip te verkry van die aard van die oudituere se aanstellings, om 'n kopie van die ouditeursverslag, vanaf die maatskappy se geregistreede kantoor, te verkry tesame met die gepaardgaande finansiele inligting.

Verkorte weergawe van aankondiging

Aandeelhouers word in kennis gestel dat hierdie verkorte aankondiging 'n opsomming is van die inligting vervat in die volledige aankondiging wat op SENS en Life Healthcare se webtuiste (www.lifehealthcare.co.za) gepubliseer is, en dat dit nie al die besonderhede van die volledige aankondiging insluit nie. Enige beleggingsbesluit moet op 'n oorweging van die volledige aankondiging gegrond word en aandeelhouers en/of beleggers word aangemoedig om die volledige aankondiging na te gaan. Die volledige aankondiging is ook ter insae by die geregistreerde kantoor van Life Healthcare (Oxford Manor, Chaplinweg 21, Illovo, Johannesburg) beskikbaar. Die volledige aankondiging is gratis gedurende normale kantoorure ter insae vir beleggers en/of aandeelhouers beskikbaar. Afskrifte van die volledige aankondiging kan ook gedurende normale kantoorure direk by die Maatskappy aangevra word. Die inhoud van hierdie verkorte aankondiging is die verantwoordelikheid van die direksie van Life Healthcare.

* *Die inligting in hierdie persverklaring is 'n uittreksel van die geouditeerde inligting wat op SENS en Life Healthcare se webtuiste gepubliseer is. Die aankondiging is nie geoudit nie.*

GREYMATTER & FINCH # 10095